

Vakansiefoto kompetisiewenner



Baie geluk aan die wenner, Ella Hendriks, wat wegstap met die prys vir die vakansiefoto kompetisie. In die tweede plek is Nicoleen Botes en Cemon Snyman het in die derde plek geëindig. Baie dankie aan die deelnemers. Ella stap weg met 'n 300 x 400 mm gedrukte canvas. Baie dankie aan die Heilbron Herald

Office National vir die borg van hierdie prys. Hou gerus die koerant en Heilbron Herald Facebook-blad dop vir komende kompetisies. Skryf sommer vroeg in en moedig jou vriende en familie aan om tot op die laaste minute vir jou te stem! Op die foto vl: Hester, Christine en Isabella Hendriks vol opgewondenheid net voor hulle dam toe is vir die nuwejaar.

ISSUU

HEILBRON HERALD NOU BESKIKBAAR OP ISSUU

Heilbron Herald kan nou maklik gelees word deur Issuu op jou foon af te laai.

Jy kan enige plek, enige tyd toegang kry tot die plaaslike koerant.

Iphone gebruikers kan op die Appstore gaan soek vir Issuu en dit aflaai, waar Android gebruikers dit op die Playstore kan aflaai. Volg slegs die stappe om in te teken en jy is gereed om die koerant te kan lees. As die program op jou foon oopgemaak is, kan jy die Heilbron Herald by die soek opsie intik en hy sal op die skerm verskyn.

Die koerant sal weekliks op Issuu beskikbaar wees.

Wees op die uitkyk vir herfskommandowurm



Foto verskaf deur Syngenta

Die kommandowurm is eintlik 'n motsoort van Afrika. Die ruspe word in twee morfologies onderskeibare vorme aangetref. Die skoolvormende tipe is swart met geel strepe of 'n alleenlopende vorm wat bruin of groen is.

Graan SA het 'n waarskuwing uitgereik om op die uitkyk te wees vir die herfskommandowurm.

Dit is uiters belangrik dat boere begin uitkyk vir die kleiner larwes sodat bekampingsmaatreëls betyds toegepas kan word.

Volgens die verklaring wat uitgereik is sal die buitelandse indringer sy lewensiklus herhaal so lank as wat daar genoeg kos beskikbaar is en dit nie te koud is nie.

Dit lui dat dit noodsaaklik is dat somergraanprodusente verslae maandeliks of selfs weekliks moet deurstuur sodat daar aangedui kan word water plaagdoders gebruik kan word.

Plaagdoders kan dalk nie doeltreffend wees as die larwes groter as 'n 10 sent muntstuk is nie.

HEILBRON VEILING

GPS: S27°10.1321' E028°05.5875'

ALGEHELE UITVERKOPING • JC Steyn
Maandag • 12 Februarie 2018 • 11:00 • Leeuwlaagte • Heilbron

EIENDOMME TE KOOP: (BKB EIENDOMME (EDMS) BPK bied die eiendom aan)
EIENDOM 1: Onderverdeling van die plaas Hoekfontein no. 277. Grootte: 140.8624 ha.
EIENDOM 2: Haseroth no. 1382. Grootte: 72.8052 ha. **EIENDOM 3:** Smaldeel no. 1114 Grootte: 86.3591 ha. **EIENDOM 4:** Leeuwlaagte no 116. Grootte: 81.3705 ha. **EIENDOM 5:** Alida no. 113. Grootte: 172.0695 ha. Totale oppervlakte: **553.4667 HA.** Distrik: Heilbron. Provinsie: Vrystaat.
Beskrywing: Plaas met goeie water. Mooi huis met 3 slaapkamers, badkamer, sit- en eetkamer, kombuis en 'n lapa met 3 vertrekke. Daar is motorhuis (6 voertuie) met 'n afdak, 4 buitekamers, werkwinkel sowel as 'n groot stoor. Daar is 4 windpompe en 'n boorgat met 2 dompelpompe (5.5KW en 3KW). Op die plaas Alida is daar ook 'n stoor. ± 276 ha landerye.
VERKOOPVOORWAARDES (EIENDOM): 1. 10% Deposito dag met veiling. 2. Waarborg vir balans binne 14 dae na bekragtiging. 3. Bekragtiging enige tyd binne 7 dae na veiling. 4. Bestname by onderhandeling. 5. Volle voorwaardes beskikbaar.

TREKKER: Ford 6600. **VURKHYSER:** Vurkhyser (hidroulies; 3 punt).
SKOTTEL-, SKAAR- & TANDWERKTUIG: 2 Balkploëë (3 skaar). Eenrigting (10 skottel). Grondbreker (11 tand). Grondbreker (5 tand). Soilmaster skoffel (5 m).
WERKSWINKELTOERUSTING: Argowig GW 200 sweismasjien (3 PH). Roughneck sweismasjien (1.5 km; 3 PH). Tonga Sweismasjien (250 amp; 1 PH). Gas snytoestel (met pype). Bundu Power kragopwekker (12 kva; 3 PH; 18 amps; met outomatiese skakelaar). 2 Werksbanke (2.7m x 1.2 m). Pypbuiger (25 – 50 mm). Ridget draad snymasjien (50 mm). 2 Kettingkatrolle (2 ton).

NAVRAE: Piet Boshoff 083 210 7135. Afslaer: Jan Mostert 083 306 8408. BKB Louwid, FRANKFORT: 058 813 1071. Vir volledige besonderhede, katalogus en voorwaardes besoek gerus ons webtuiste : www.bkb.co.za



Gesonde gewoontes

- Saamgestel deur Tokollo Rehabilitasiespan



Bly Gesond

- Was jou hande voor, en na elke ete
- Kry daardie griep inspuiting voor die winter begin
- Drink daaglik jou vitamien pille en "immune boosters"



Bly Veilig

- Volg die reëls, dis daar vir 'n rede
- Dra die regte gereedskap by die werk, in sport, of enige ander aktiwiteit met voorsorgmaatreëls
- Sit altyd jou sitplekgordel aan in die kar
- Voorkoming is beter as regstelling



Bly Fiks

- Maak seker jy kry 8 ure slaap in, elke aand
- Doen enige vorm van oefening 30 minute lank, so 3-4 keer 'n week. Hardloop, draf, stap, swem, ry fiets, speel met jou kinders, strek- beweeg net daardie lyf!



Bly Vol Energie

- Eet kos met baie voedingswaarde, soos neute, vrugte, groente, grane en proteïene
- Eet eerder 6-8 kleiner porsies deur die dag om die energievakke hoog te hou
- Hoe meer mens het om te doen, hoe meer kry mens gedoen



Bly Gelukkig

- Staan op en gaan slaap met 'n glimlag
- Waai vir daardie vreemdeling
- Doen iets vir iemand anders, sonder om iets terug te ver wag
- Doen iets vir jouself

SLEEPWAENS: 2 Sleepwaens (6 ton). Sleepwa (hoëspoed; met tralies; 2.4 ton). Sleepwa (hoëspoed; 500 kg). Sleepwa (selfgebou; 1 ton). Sleepwa (selfgebou; 500 kg).

VOER- & VOERMAAKTOERUSTING: 100 Rooigrasbale (1.5 m). LM hammermeul (3 punt).

BESROEIINGSTOERUSTING: Norma Flow MB NF32-200 pomp (7.5 kw; 2 800 rpm; 17 amps; met motor). Impeller KSB ETA 40-200 pomp (4 kw; 2 825 rpm; 8.2 amps; met motor; 170 mm). Kanonspuit (50 mm inlaat; 18 mm uitlaat). Honda WP 20X GX 120 waterpomp (50 mm inlaat). Honda WB 20XT G12 waterpomp (50 mm uitlaat). Dompelpomp (38 mm uitlaat).

ANDER PLAASGEREEDSKAP: Aantal selfvoeders (2m x 1m x 1.5m). Aantal selfvoeders (2m x 1.5 m x 1.4m). Vuurvegter (met Honda G200 /CU 350 pomp). 2 Avery sakskele (250 kg). Vetsak kunsmisstrooier (400 kg).

VEEHANTERINGSTOERUSTING: LMI LS40 skaal (op waentjie gemonteer; met krale). Mobilee beeslaai-bank (op wiele). Skaaphekke (2m x 1.5 m). Skaaphekke (3m x 1.2 m). Onthoring tang. Rau immobiliseerder. Cadac calf onthoring brander. Vicegrip immobiliseerder.

LOSGOED, ENS.: Hoekpale (10m x 200 mm). Woltafel (3m x 2m). Plastiek tenk (500 l). Meyers kragkop. Bestbier 210 E houtsaag ("swingblade"). Kragpak (3 kw; 20 liter/min; hidroulies). 2 Battery laaiers (400 volts; 6 amps; 3PH; 24 selle; 3480 amps/uur). Verskeie 3PH motors & losstaande pompe.

PLANTERS: Soilmaster koringplanter (8 ry). Soilmaster (6 ry).

ROETE: Vanaf Heilbron: Ry op die Vaaldam/Oranjeville pad vir 3 km (verby die swart woonbuurt). Draai regs op die S146 grondpad en ry vir 15 km. Draai links by plaas in. Vanaf Sasolburg: Ry op die Heilbron teerpad (R57) vir 42 km. Draai links op die S1220 grondpad en ry vir 9 km. Draai regs op die Heilbron grondpad en ry vir 600m. Draai links en ry vir 4.5 km tot by T-aansluiting. Draai regs op die S146 grondpad en ry vir 2.5 km. Draai regs by plaas in.